# TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans Addisionele Taal Leesbegrip en Taalwerk** | **Eksaminator** | **Mev. M. Gough** |
| **Datum** | **November 2019** | **Totaal** | **45 Punte** |
| **Sessie** | | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **5** | **Moderator** | **Mev. M. Fourie** |

| | |
|---|---|
| **Spesiale instruksies/ toerusting** | **Instruksies**<br>• **Lees jou vrae goed deur.**<br>• **Gebruik die woordelys om jou te help.**<br>• **Moenie enige oop spasies los nie.**<br>• **Skryf netjies en leesbaar.**<br>• **Geen woordeboeke.** |

**Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem.**

**Naam: ______________________ Van: ________________________Klas: _________**

Die vraestel bestaan uit 2 afdelings: Afdeling A: Leesbegrip (30) en Afdeling B: Taalwerk (15)

## WOORDELYS

| | | | |
|---|---|---|---|
| **soogdier** | mammal | **uitgespoeg** | spit out |
| **drie-verdiepings-hoog** | three-stories-high | **opgewonde** | excited |
| **kreun en kla** | moan and groan | **kampeerplek** | camping site |
| **verstik** | choke | **skulpies** | shells |
| **sooibrand** | heartburn | **armbande** | bangles |
| **wroeg** | resent | **ruis** | murmur |

**1. Lees die gedig en beantwoord die vrae.**

‘n Walvis
is gewis nie
‘n yslik grote vis nie.
‘n Walvis is ‘n soogdier,
‘n drie-verdieping-hoog-dier.
En sou jy hom oor Jona vra,
dan sal die walvis kreun en kla:
“Daai outjie het ek ingesluk
en daarna ampertjies verstik.
Vir byna dertig dae daarna
het sooibrand my soveel gepla.
En pleks van huil en pyn en wroeg,
het ek hom toe uitgespoeg.”

***~ Philip de Vos***



***57 woorde***

1.1 Watter soort vis is in die storie? (1)

__________________________________________________

1.2 Hoe groot is die vis? (1)

__________________________________________________

1.3 Oor wie kan jy hom vra? (1)

__________________________________________________

1.4 Hoeveel dae het die vis sooibrand gehad? (1)

__________________________________________________

1.5 Die gedig het geen titel nie. Gee die gedig ‘n **oorsponklike naam/ titel**. (1)

__________________________________________________

1.6 Dink aan’n rymwoord vir die volgende woorde (2)

1.6.1 huil - ______________________

1.6.2 kreun - ____________________

1.7 As jy ‘n dier kon wees, watter dier sal jy wil wees? Beskryf hoe jy lyk, wat jy eet en waar jy bly. (3)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Lees die volgende storie en beantwoord die vrae.**



**BY DIE SEE**

1.Van ver af sien hulle reeds die blou water. Hulle is baie opgewonde. Hoekom ry Pappa tog so stadig?

2.Die kinders weet Mamma en Pappa sien uit na ‘n lekker rustyd na harde werk.

3.Toe die motor by die kampeerplek stilhou, hardloop die kinders reguit na die see toe, vol sonbrandroom op hulle lywe gesmeer. Mamma waarsku hulle gedurig.

4.Dit is yskoud om hulle voete, maar Arlyna gil van plesier. Kosie sien ‘n paar rotse. Hy begin dadelik in die poele soek. “Arlyna, kom kyk die vissies wat hier rondswem.” Daar is ander skulpies wat aan die rotse vassit. Die kinders probeer elkeen een aftrek, maar hulle klou te styf vas. Alles is nog net soos verlede jaar – die rotse, die blou see, die wit sand. Hulle wil sommer nou al begin baljaar.

5.“Kosie, Arlyna!” roep Mamma en die kinders ken daardie stem.

6.Daardie aand lé die twee moeg maar tevrede in die bed.

7.Hulle het al van hulle maatjies van verlede vakansie raak geloop. Kosie het reeds besluit om te gaan visvang. Arlyna en Miems gaan swem en sommer lank gesels. En die skulpe wat sy vandag gesien het! Sy’t al weer ‘n klomp opgetel. Tannie Willemse sal so bly wees oor al die skulpe wat sy gaan kry om haar armband mee te maak. Dan sal tannie Willemse vir haar ook een maak, dit weet sy. Sy gaan sommer môre al na die mooiste skulpies begin soek.

8.Die maan loer deur die venster. Arlyna en Kosie sug albei tevrede. “Nag, Boet,” sé Arlyna.“Nag,” sé Kosie, amper aan die slaap.

9.Buite ruis die see en sus hulle aan die slaap.



**278 woorde** **Bron: Geel Pierewiet Reeks**

1.8 Onderstreep die korrekte woord in die onderstaande sinne volgens die storie. (5)

1.8.1 Op pad see toe is die kinders baie (vaak, treurig, opgewonde).

1.8.2 Hulle het lank gewag vir die (reis, vakansie, vriende).

1.8.3 Kosie is lief vir (lees, visvang, skryf).

1.8.4 Mamma waarsku hulle teen (haaie, seestrome, sonbrand).

1.8.5 Mamma en Pappa sien uit na die (vis, rus, swem).

1.9 Hoekom dink Arlyna en Kosie dat Pappa stadig ry? (1)

________________________________________

1.10 Watter sin vertel jou dat hulle bagasie nog in die motor is voordat hulle swem? (1)

________________________________________

1.11 Watter woord in paragraaf 4 vertel jou dat Arlyna die water geniet? (1)

________________________________________

1.12 Hoekom sukkel hulle om die skulpies afgetrek te kry? (1)

________________________________________

1.13 Wat is nog net dieselfde hierdie vakansie as laas jaar se vakansie? (1)

__________________________

__________________________

__________________________



1.14 Wat maak Tannie Willemse met die skulpies? (1)

________________________________________

1.15 Wat kan die kinders nog doen gedurende hulle vakansie? (2)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

1.16 Jy kan nie weggaan met vakansie nie en moet by die huis bly. Noem 2 dinge wat jy kan doen by die huis. (2)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

1.17 Die kinders droom van 'n lekker dag wat verby is. Waarvan dink jy droom Koos? (2)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

1.18 Gee 'n ander titel vir die storie. (1)

______________________________________________



**Totaal Afdeling A:____/30**

**Afdeling B: Taalstrukture en Konvensies: 15**

2.1. Lees paragraaf 3 van die storie. Soek 2 **samestellings** en skryf dit neer. (2)

2..1.1______________________

2..1.2______________________

2.2 Gee die **verkleining** van die volgende woord. (par 7) (1)

skulp - ______________

2.3 Verander die sin na die **direkte rede**. (1)

a) Mamma sê Julle moet julle hande was en kom eet.

______________________________________________

2.4 Verander die sin in paragraaf 5 na die **indirekte rede**. (1)

______________________________________________

______________________________________________

2.5 Onderstreep die regte **voornaamwoorde** tussen hakies. (1)

Hulle het (joune / hare / hulle) swemklere aangetrek.

2.6 Onderstreep die betekenis van die volgende uitdrukking: (1)

**So skaars soos hoendertande!**

a) Iets wat kan vlieg.
b) Iets wat min is.
c) Iets wat jy kan eet.
d) Iets wat jou kan byt.

2.7 Voltooi die **trappe van vergelykings**. (1)

| | | |
|---|---|---|
| bly | | blyste |



2.8. Onderstreep die regte **verwarrende** woord in hakies. (1)

2.8.1 Kosie het in die (poel / poele) vissies gesien..

2.9 Skryf eenwoord neer wat in die storie is, wat vir ons sê die kinders geniet die vakansie. (par 4) (1)

__________________________

2.10 Skryf die sin oor deur die **hulpwerkwoord** in te voeg. (1)

Tannie Willense verkoop skulp armbande. (**wil**)

____________________________________________________________

2.11 Onderstreep die regte **vraagwoord** in hakies. (1)

Lees eers die sin: **Kosie soek klein vissies in die poele.**

(Wie/wat) soek klein vissies in die poele?

2.12. Verander die sin na die **verlede tyd**. (1)

Die seuns speel in die sout poele.

______________________________________________________________

2.13. Verander die sin na die **lydende vorm**. (1)

Die tannie maak een string armbande.

______________________________________________________________

2.14. Verander die sin na die **ontkennende vorm**. (1)

Tannie Willemse verkoop haar skulpie armbande op die strand.

______________________________________________________________

**Totaal: Afdeling A: /30**

**Totaal Afdeling B: /15**

**Groottotaal: /45**

## Grade 5 Afrikaans Exam November 2019

## Performance analysis

## (For teacher use only)

**Section A (30)**

| Question # | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 3 |
| Learner mark | | | | | | | |

| Question # | 1.8 | 1.9 | 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 | 1.18 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 5 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 |
| Learner mark | | | | | | | | | | | |

**Section B (15)**

| Question # | 2.1. | 2.2. | 2.3. | 2.4. | 2.5. | 2.6. | 2.7. | 2.8. | 2.9. | 2.10. | 2.11. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Learner mark | | | | | | | | | | | |

| Question # | 2.12 | 2.13 | 2.14 |
|---|---|---|---|
| Possible mark | 1 | 1 | 1 |
| Learner mark | | | |